

Sing vooraf: Psalm 2:5 (p. 7)

- 5 “Die trotsaards sal U met u ysterstaf / soos erdepotte slaan tot gruis en skerf;
U sal, as eers u hand ontwaak tot straf, / hul opstandslus tot in die grond verderf.”
O konings, graag gehuldig en geëer – / laat nooit u hoogheid Gods Gesalfde hoon!
O regters, wat oortreders regstug leer, / aanvaar die tug wat u sy liefde toon.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 118:1, 9 (p. 575)

- 1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.
Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!
- 9 Die Heer het my met sware slae / getugtig, maar nie tot die dood;
Hy 't my gehoor in donker dae / en my gered uit alle nood.
Ontsluit dan voor my pelgrimskrede / die poort van sy geregtigheid,
om God te loof wat my gebede / verhoor het in die dag van stryd.

Gebed

Ons aanbid U, Here, aan wie ons lofsange gesing word, dat U u genade oor ons uitgiet. Ons roep met ons gebede dat U ons barmhartig wil wees, en ons ons sondes sal vergewe. Ons bid tot U in dankbaarheid vir u beloftes vir ons saligheid.

Ons dank U, Here, dat ons nou weer rondom u heilige Woord vergader is, en dat ons weer hoor hoe U tot ons spreek, en ons verseker van u genade en trou teenoor ons. Here, wat sou die lewe vir ons werd wees as dit nie was dat ons kon lewe vir die beloftes dat ons eenmaal u pragpaleis sal binnetree nie! Vir die beloftes dat U ons al ons skulde vergewe het in Jesus Christus en dat ons deur Hom toegang tot u hemele verkry het.

Maar by al ons dankbaarheid, Here, bid ons U ook dat U ons die vele sondes wat ons nog daagliks doen, wil vergewe. Ons bely in opregtheid ons ondankbaarheid teenoor U. Baie van die goeie wat ons ontvang gaan ongemerk by ons verby, want deur die sonde het ons al verloor om alles wat goed is te herken – ook wanneer dit met ons gebeur.

Ons bely ook ons swakheid om teen die verkeerde te kan stry. En ook dat ons dikwels verhard is in ons oortredinge. Maar, Here, ons het ook berou oor hierdie sondes. En ons smeek van U die vergewing daarvan.

Ons bid vir hulle wat oud is – dat U hulle nou in hulle ouderom met genade sal oorlaai. Sodat hulle weet dat hulle Verlosser leef. Ons bid ook vir onself wat nou met ons kragte u koninkryk moet bou en uitdra. Laat ons met eer u werke verkondig, en elke oomblik die krag van u Heilige Gees ervaar. Mag ook ons daaglikse arbeid geskied tot u verheerliking.

Ons bid ook vir ons kinders. Hulle word groot onder steeds moeiliker wordende omstandighede. Mag dit u wil wees dat hulle altyd in u Woord die lig sal ontvang om te verstaan wat u raad wil, en om te begryp wat U van hulle vra. Verhoor ons gebede om Jesus Christus ontwil.

Amen.

Psalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Skriflesing: Matteus 16:13-23

Teks: Matteus 16:16-19; Kategismus Sondag 31

En Simon Petrus antwoord en sê: “En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.” En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. En Ek sal jou die

sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbunde wees.

(Matteus 16:16-19 AFR1953)

Die Here Jesus wil hê dat almal wat na daardie dag hierdie gebeure lees, presies moet weet wie wat sê en aan wie Hy watter soort opdragte gee.

- Op die Here Jesus se navraag, doen die apostel Petrus 'n belydenis dat Jesus die Gesalfde is wat deur God gestuur is.
- Die Verlosser wat deur die lewende God in die wêreld gestuur is tot vergewing van ons sondes.
- Die Here Jesus antwoord hom hierop dat vlees en bloed dit nie aan hom geopenbaar het nie maar die Vader wat in die hemele is.

Daarna maak die Here Jesus 'n uiters belangrike uitspraak wat vir die kerk deur die eeue vorentoe sou geld.

- Die Here Jesus gee aan hom die sleutels van die koninkryk van die hemele.
- Jesus Christus gee hier 'n baie belangrike beginsel aan die kerk, naamlik dat *belydenis* en die *sleutels van die hemelryk* altyd bymekaar hoort.

Dit beteken prakties 'n hele paar dinge:

- Die eerste is dat die kerk alleen mense in sy geledere bevat wat die Here Jesus Christus as God en Verlosser bely – en dat net hulle wat die Here Jesus as hulle God en Verlosser bely, die tug mag toepas.
- Verder: die gebruik van daardie sleutels is om oop te sluit en toe te sluit. Let wel, dis nie as hulle dalk wil of nie wil nie – hulle moet!
 - Hulle moet almal wat nie hierdie belydenis deel dat die Here Jesus Christus, die Seun van die lewende God is nie, met die sleutels wat die Here Jesus Christus aan hulle gee, uitsluit.
 - ***Die simbool daarvan is dat daardie mense dan ook uit die hemel uitgesluit is.***

Dit is verder belangrik dat ons daarop moet let dat die Here Jesus Christus juis hierdie sleutels aan die kerk gee – aan mense. Nie aan engele nie.

- Hy plaas die verantwoordelikheid vir die gebruik van hierdie sleutels tot heiligheid van God in ons hande.
- Daarom die geweldige verantwoordelikheid wat daar op elke kerkraad rus om toe te sien dat die Woordverkondiging en ook die toepassing van die tug in elke kerk presies volgens die bevel van Christus toegepas word.
- Anders kom hulle onder die toorn van God.

1 Korinthiërs 4:1vv stel dit duidelik dat die dienaars wat hierdie sleutels hanteer, bedienaars moet wees van die verborgenhede van God.

- Hulle moet ook mense wees wat getrou bevind is ten opsigte van hulle arbeid en hulle lewenswandel.
- Hier stel die Bybel geweldige hoë eise aan dié wat ouderlinge en diakens moet wees.

Hierdie twee sleutels wat aan die kerkraad toevertrou word, is

- Woordverkondiging en

- die tug.

Deur hierdie twee sleutels word die Here Jesus Christus gedien as God en Koning, en word sy mag en liefde ook in die kerk uitgeoefen.

Hierdie sleutels van die hemelryk is noodsaaklik om aan die gelowiges en aan die ongelowiges te leer wat hulle in die Here het.

- Die sleutels moet gebalanseerd wees.
- Dit moet oordeel en liefde leer.
- Dit kan nie net een van die twee verkondig nie.

Die eerste taak van die sleutels is dus om te leer wat God nou vir ons is, en ook wat Hy in die toekoms vir ons sal wees.

Dis nodig dat ons dié dinge weet, want die verhouding tussen ons en die Here, en ons en die hemel, is presies dieselfde.

- As ons verhouding met die Here goed is, is ons ook mense wat eendag in die hemel sal wees.
- Maar as ons verhouding met God swak is, sal ons nooit in die hemel kom nie. Niemand kan sonder God in die hemel kom nie.

Die sleutels van die hemelryk, of koninkryk van die hemele, soos Jesus dit noem, moet eerstens aan ons leer dat die hemel vanweë die sonde vir alle mense gesluit is.

- Geen mens het die mag om in hierdie heiligdom van God te kan ingaan nie.
- Die reg om in die koninkryk van die hemel in te gaan, moet van God self verkry word.

Dis hier waar die eerste sleutel werk. Die verkondiging van God se Woord.

- Dit maak vir die gelowiges die deure oop! In die prediking belof God die weldaad dat Hy diegene wat boetvaardig is oor al hulle sondes, hulle sondes hulle in Christus vergewe.
- Verder gee die Here deur die prediking aan hierdie mense die lus en die ywer en ook die moed om te volhard in hierdie geloof.
- Sodoende ontvang hulle die reg om in te gaan in die hemel.

Deur die Woord wat die Here tot sy uitverkorenes spreek deur die prediking, lei die Here hulle as't ware in sy heiligdom in.

- Deur die voortdurende verkondiging van God se genade, trek Hy ons na Hom toe.
- Wanneer ons al die goeie dinge van God verneem, is dit die Gees van God wat die geloof in hierdie dinge in ons harte werk.

Deur die prediking word die beloftes van die Evangelie van verlossing in die Here Jesus vir ons geopen.

- Ons sou nooit geweet het dat ons uit genade deur die Here Jesus Christus geregverdig word as die Here dit nie aan ons verkondig het nie.
- Ons sou ook nooit geweet het dat die werk van Christus oor ons so volmaak is dat God ons geen sonde toereken nie.
- Ons sou ook nooit geweet het wat dit is om te glo, en watter eise en verantwoordelikhede daar aan ons geloof gestel word om te kan deel in die verlossing van Jesus Christus nie.

- Maar nou weet ons dit juis omdat die eerste sleutel van die hemelryk aan ons bedien word, naamlik Woordverkondiging.

Deur hierdie sleutel van die koninkryk van die hemele word die deure inderwaarheid elke dag vir ons wyd oopgesluit.

- Ons kan nie te dikwels onder die prediking wees nie, want daar word ons meer en meer van die waarheid van God se beloftes verseker.
- Dikwels twyfel ons, en dan is dit weer die Woordverkondiging wat ons van God en die hemel verseker.
- Dikwels word ons beproef, en dan is dit hierdie Woord van God wat vir ons die weg open na genade om te verstaan en te berus.
- Baie keer voel ons so klein en swak en so diep in ons sondes, en dan is dit hierdie Woord van God wat ons die vrymoedigheid verleen om weer na God toe terug te gaan.

Hierdie eerste sleutel leer dus aan die gelowiges die volgende: dit verseker die gelowige van sy versoening van sondes.

- Dit leer hom dat hy deur Jesus Christus 'n kind van God geword het.
- As gevolg van hierdie feit is die gelowige dan 'n erfgenaam van die koninkryk van die hemele.

Die sleutel van Woordverkondiging leer die gelowige dat hy sy hele lewe deur in die hand van God is, en dat God sodoende onder alle moontlike omstandighede vir hom sorg.

- Daar word die gelowige ook geleer dat hy altyd van God die heel beste kan verwag.
- En hy word by elke preek verseker dat sy saligheid vasstaan tot in ewigheid.
- Hy gaan nie 'n punt bereik waar hy gaan besef dat sy hele geloof tevergeefs was nie.

Maar die sleutel van Woordbediening het net soveel te sê vir die ongelowiges.

- Hulle moet hoor dat die poorte van die koninkryk van die hemel vir hulle gesluit is!
- Hulle moet hoor dat hulle geen deel het aan God se ryk nie! Omdat hulle die beloftes van God nie aanvaar en glo nie, is hulle uitgesluit uit enige vreugde wat God skenk.
- Hulle moet hoor dat God hulle ongeloof beskou as veragting van sy genade in Jesus Christus.

Die prediking leer dat die mense wat hulleself hoog ag, en wat net die aardse koninkryk nastreef, nooit die hemelse koninkryk as erfdeel kan ontvang nie.

- Sulkes aanbid hulleself en het God nie as koning nie!
- Woordverkondiging leer aan hierdie mense dat daar 'n vreeslike oordeel op hulle wag.
- Dat hulle deur hulle sondes gebonde is aan die vloek van God.

Dan is daar die tweede sleutel. Dit is die ban of uitsnyding uit die kerk.

- Die prediking skei nou die hoorders in twee.
- Eers dié wat hoor en glo. En dan dié wat hoor en nie wil glo nie.

Dit is waar die bind en ontbind op die aarde ter sprake kom, waarvan die Here Jesus praat.

- Dié wat hulleself as onheilig bewys, moet met die tweede sleutel van die koninkryk van die hemel uit die kerk – en dus ook uit die hemel – uitgesluit word.

Daar is soms lidmate wat ondanks die leer van die kerk hulle tog onwaardig aan die Here aanhou gedra.

- Hulle is dié wat hulle skuldig maak aan 'n onchristelike leer en lewe.
- Hulle word eers vermaan.

Want dis hoe die tweede sleutel begin werk.

- As hulle hulle aan geen vermaning steur nie, dan word hulle van die sakramente onthou.
- As hulle onboetvaardig bly, en bly volhard in hulle sondes, dan moet hulle die gevolge van hulle dwalinge dra.
- Dan word die koninkryk vir hulle toegesluit.

Maar daar is selfs in die ban 'n simbool van genade.

- Iemand word nie uit haat uit die kerk en uit die koninkryk van God uitgesny nie.
- Dit word gedoen tot sy behoud. Dis die genade.

So 'n persoon moet voel hoe dit is om uitgestoot te word uit die gemeenskap van die heiliges. Dit kan dien tot sy bekering en sodoende tot sy behoud. Ons lees van so 'n geval in 1 Timoteus 1:20:

. . . onder wie daar is Himenéüs en Alexander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie. (1Timoteus 1:20 AFR1953)

Hierdie twee manne moes op die harde manier leer om die goeie dinge te doen.

So is daar ook die gedeelte in 2 Tessalonisense 3:14:

En as iemand aan ons woord in hierdie brief nie gehoorsaam is nie, teken dié man en hou geen gemeenskap met hom nie, sodat hy skaam kan word. En beskou hom nie as 'n vyand nie, maar vermaan hom as 'n broeder.
(2 Tessalonisense 3:14 AFR1953)

Daarom word iemand wat onder die tug van die kerk is, weer by die sakramente toegelaat as hy verbetering in sy lewe bewys.

- Maar dit moet 'n baie opregte belydenis wees. Nie net met sy mond nie.
- Almal moet dit ook aan sy lewe kan sien.

Die Here Jesus het dus die sleutels van die hemelryk aan die kerk gegee om ons almal te reinig van ons sondes.

- Om dan aan ons die genade van God te leer.
- Om, as ons nie wil luister nie, die oordeel van God oor ons te voltrek.

Die beginsels van die sleutels is in die eerste plek liefde.

- Dan eers, as ons die liefde van God nie wil ken nie, pas dit die toorn van God op ons toe.

Die betekenis van hierdie dinge in ons lewe is dat dit aan ons sekerheid en hoop gee.

- Ek het die vrede van God se genade.
- Ek het die sekerheid dat God alle ongeregtigheid gaan wreek.

Die sleutels van die hemelryk leer my respek en eerbied vir God. Maar dit leer my ook om saam met die kerk te bid, en om saam met die kerk die goddeloosheid weg te weer uit die gemeenskap van die heiliges.

Laat ons die Here dan dank vir hierdie sleutels van die hemelryk wat vir ons wat glo, die poorte van die hemel oopsluit in Jesus Christus.

Kom ons lees saam wat ons hiervan bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 31:

83 Vraag: Wat is die sleutels van die koninkryk van die hemel?

Antwoord: Die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug. Met albei hierdie handeling word die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit.

84 Vraag: Hoe word die koninkryk van die hemel deur die verkondiging van die heilige evangelie oop- en toegesluit?

Antwoord: Volgens die bevel van Christus word aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem. Daarenteen word aan al die ongelowiges en huigelaars verkondig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie (a). Volgens hierdie getuienis van die evangelie sal God sowel in hierdie as in die toekomstige lewe oordeel.

(a) Joh 20:21-23; Matt 16:19.

85 Vraag: Hoe word die koninkryk deur die Christelike tug toe- en oopgesluit?

Antwoord: Volgens die bevel van Christus word die wat die naam Christen dra en tog 'n onchristelike leer huldig of hulle onchristelik gedra eers herhaalde kere broederlik vermaan. As hulle egter nie van hulle dwalinge of skandelige lewe wil afsien nie, moet dit aan die gemeente of aan die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, gesê word. As hulle hulle ook nie aan laasgenoemde se vermaninge steur nie, word hulle nie langer tot die heilige sakramente toegelaat nie en uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit. Hulle word weer as lede van Christus en sy gemeente aangeneem wanneer hulle werklike verbetering belof en bewys (a).

(a) Matt 18:15-17; 1 Kor 5:4, 5, 11; 2 Kor 2:6-8

Amen.

Slotgebed

Ons dank U Here dat ons vandag weer kon deel in u seëninge. Ons dank U dat U weer met u sakramente ons geloof gaan versterk, en ons bid van U om ons hiervandaan verder te versorg met alles wat goed is na siel en liggaam. Seën ons arbeid en ons geloofswerke. Om Jesus Christus ontwil.

Amen.

Slotpsalm 47:1 (p. 240)

1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 9 Augustus 2009
Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 7 Oktober 2012